Naam

## VRAAG 6: VISUELE TEKS

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die taalvrae wat daarop volg.




6.1 Vul die korrekte VOORSETSELS in.

6.1.1 Meester vererg hom ______________ die seun se houding. (1)

6.1.2 Neelsie verkeer ______________ 'n wanindruk. (1)

6.2 Verbind die twee ENKELVOUDIGE sinne met die voegwoord tussen hakies om een goeie SAAMGESTELDE sin te vorm.

Hy wou weet. Was daar al radio's in daardie tyd? (of)

______________________________________________ (1)

6.3 Skryf die AKRONIEM in die sin vol uit.

Neelsie doen nie sy werk nie, want hy wil by ESKOM gaan werk.

______________________________________________ (1)

6.4 Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

Die (hoof) sal Neelsie straf, indien hy nie sy werk doen nie.

______________________________________________ (1)

6.5 Haal 'n SAMESTELLING uit Raampie 1 en skryf dit hier neer.

______________________________________________ (1)

LIVEWORKSHEETS

6.6 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die gegewe blok om die sinne te voltooi.

| Ons; hulle; julle; my; myne; sy |
|---|

Neelsie doen nooit ____________ werk nie, want hy is baie lui. (1)

6.7 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Gaan leer dadelik jou skoolwerk.

______________________________________________ (1)

**[8]**

LIVEWORKSHEETS

**VRAAG 7: SINSTRUKTURE**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande teks gebaseer.

| |
|---|
| Met 'n bietjie hulp kan 'n (ryk aan glorie) toekoms meer as net 'n droom word. Werk hard vir 'n beter toekoms. Laat niks en niemand jou toekomsvisie beïnvloed nie. |

7.1 Onderstreep die HULPWERKWOORD in die onderstaande sin.

Die dogter het hard aan haar toekomsdrome gewerk. (1)

7.2 Sê watter **soorte sinne** die onderstaande sinne is.

Voorbeeld: Reik uit na 'n beter toekoms. (stelsin)

7.2.1 Die toekoms lê vir ons voor, indien ons baie hard werk en studeer.

______________________________ (1)

7.2.2 Hoekom studeer julle nie vir 'n beter toekoms nie?

______________________________ (1)

7.3 Skryf die onderstaande sin oor vanaf die TEENWOORDIGE TYD na die TOEKOMENDE TYD.

Die seun reik na die sterre sodat hy die hoogste sport kan bereik.

______________________________ (1)

7.4 Skryf die onderstaande sin oor vanaf die VERLEDE TYD na die TEENWOORDIGE TYD.

Ek het graag na Gareth Cliff op Idols gekyk.

______________________________ (1)

7.5 Skryf die onderstaande sin oor in die INFINITIEWE vorm. (om ... te)

Gareth hou daarvan (mense se sang) beoordeel.

______________________________ (1)

7.6 Skryf die onderstaande sin oor vanaf die BEDRYWENDE VORM na die LYDENDE VORM.

Hy beoordeel die mense se sangtalent.

______________________________ (2)

LIVEWORKSHEETS

7.7 Skryf die onderstaande sin oor in die DIREKTE REDE.

Gareth sê dat hy mense op grond van hul sangtalent beoordeel.

Gareth sê ______________________________________________

______________________________________________ (3)

7.8 Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies neer.

Die Oos-Kapenaars sing (mooi) as die Gautengers.

______________________________________________ (1)

**[12]**

**TOTAAL AFDELING B (30 ÷ 2): 15**

**GROOTTOTAAL: 40**

LIVEWORKSHEETS